# Inhoud

## Kwartaal 3: Week 21 tot 25

**Storie 1:**
Hoede en ou goete ............... 2



**Storie 2:**
Watter dae vier ons fees? ..... 17



EXTRACT PAGES

# Hoede en ou goete




EXTRACT PAGES

"Oupa Hennie, wie is die man op hierdie foto?" vra Hannes.
"Dit lyk asof dit honderd jaar gelede geneem is," sê Nita.
"Dit is 'n foto van my oupa, Johannes Hendrik van Wyk. Die foto is in 1930 geneem. My oupa het met koring en skape geboer. Ek en my broers het elke vakansie op die plaas gaan kuier."

“My oupa het altyd ’n hoed gedra.
Net in die kerk en aan die etenstafel was hy sonder ’n hoed.





Wanneer hy sy hoed afgehaal het, was sy voorkop baie bleker as die res van sy gesig,” lag oupa Hennie.
Hy het twee hoede gehad. Een vir die plaas en een vir die dorp. Die hoed vir die dorp was deftig. Hy het dit só met sy vingers geknyp wanneer hy dit opsit,” wys oupa Hennie.

EXTRACT PAGES







EXTRACT PAGES

"Oupa het sy hoed se rand met sy vinger getik as ons verby mense gery het wat hy ken. Hy het sy hoed vir vrouens en vir die dominee gelig. Ouma het partykeer 'n veer in sy hoed se band gedruk om hom te terg. Dan het hy sy hoed teen sy bors gedruk en stuitig voor Ouma gebuig."



EXTRACT PAGES

Oupa Hennie vertel verder: “My oupa se werkshoed was nie so styf en deftig nie. Dit was ’n bietjie slapper. Oupa het partykeer sy hoed op my kop gesit. Dit was te groot vir my. My ouma het die hoed van vilt gemaak.”
“Wat is vilt, Oupa?” vra Hannes.



EXTRACT PAGES

Oupa Hennie verduidelik: "Vilt is skaapwol. Dit word kruis en dwars in dun lagies gepak. Dan word dit natgespuit, gepers en gestoom. Die nat wol word oor 'n houtvorm getrek en gestoom. Die rand word met 'n houtblokkie platgevryf en gelykgesny. Die hoed koel dan af en behou sy vorm."



EXTRACT PAGES

"My oupa was altyd netjies aangetrek, selfs op die plaas. Hy het in die winter en somer langmouhemde en langbroeke gedra. Sy hemde het stywe krae gehad en was toegeknoop tot bo. Hy het nooit sy moue opgerol nie. Hy het kruisbande gedra wat voor en agter aan sy broeke vasgemaak het," vertel Oupa verder.



"Hy het altyd 'n onderbaadjie met klein sakkies aan die voorkant gedra. Dit is waar hy sy sakhorlosie gebêre het.

In die winter het hy 'n sportbaadjie aangetrek," vertel oupa Hennie. "Die sportbaadjies wat mense vandag aantrek lyk soos iets wat jy dra as jy gaan sneeu kyk," grap Oupa.

"Een van ons menere by die skool dra nog van die outydse soort sportbaadjies," sê Nita droogweg.

EXTRACT PAGES

“My ouma het die hele gesin se klere self gemaak. Hulle plaas was ver van die dorp af. Daar was ook nie so baie klerefabrieke en winkels soos vandag nie. Handelaars het met groot perdewaens deur die land gery. Mense kon dan materiaal, gare en knope by hulle koop,” verduidelik Oupa. “In die ou dae het baie gesinne 'n naaimasjien gehad. Mense het patrone en materiaal by smouse gekoop. Die patrone wys hoe jy die materiaal moet uitknip en aan mekaar vasstik.”





EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Oupa glimlag: "My ouma het sommer ook ons seuns in die werk gesteek as sy naaldwerk gedoen het. Sy het ons geleer hoe om patrone uit te knip. Ons was ook haar klerepoppe. Ek moes een keer vir 'n hele uur 'n rok dra sodat sy die soom kon meet."

Hannes lag lekker. "Ek sou graag vir Oupa in 'n rok wou sien."

“Truie, sokkies, komberse en babakleertjies is gebrei of gehekel. Mense het hulle eie skape se wol gebruik. Dit is gewas, gekleur, gekam en in woldraad gespin. Hulle het dan met breipenne gebrei,” vertel oupa Hennie.

“Ek sou maar gesukkel het,” sug Nita.



EXTRACT PAGES

“Oupa het ook sy eie skoene gemaak. Die beesvel is vir dae in ’n oplossing van kalk en water geweek. Daarna is dit onthaar, gesout en uitgedroog. Oupa het die skoendele uit die vel gesny en dit met dun tou aan mekaar gewerk. Die sole is dan met gom aan die skoen geplak,” verduidelik oupa Hennie. “Sjoe, dit klink alles soos harde werk,” sê Hannes.

EXTRACT PAGES



“Om te dink jy loop op ’n koei se vel voel vir my wreed,” sê Nita.

“Dierevelle word al eeue lank gebruik om klere en komberse te maak. Dink maar aan die Khoisan en ons ander inheemse kulture. Solank ’n mens nie diere doodmaak net vir hul vel nie,” antwoord Oupa. “Mense moes eeue gelede alles wat hulle nodig gehad het uit hulle natuurlike omgewing kry. Vandag kan ons enigiets in winkels koop.”



EXTRACT PAGES

“Kom ek wys vir julle watter ongelooflike materiale en masjiene word vandag gebruik,” sê Oupa.



Oupa Hennie wys vir hulle weefmasjiene wat deur 500 lae materiaal kan sny.

Klerefabrieke vervaardig groot hoeveelhede van dieselfde items.
In die verlede het een persoon vir dae aan een baadjie gewerk.



Vandag word die proses tussen vele stikkers verdeel. Dit word werksverdeling genoem.

EXTRACT PAGES

"Daar is vandag baie min klerefabrieke in Suid-Afrika oor. Die meeste klere op ons winkelrakke word van ander lande af ingevoer. Kyk na die etikette. As julle kan, koop Suid-Afrikaanse klere. Dit ondersteun ons ekonomie en verskaf werk aan ons mense," sê Oupa.






EXTRACT PAGES

"My juffrou het vir ons vertel dat moderne klere baie, baie lank hou. Dit skep probleme met baie klere wat op afvalhope beland. Waarom gebeur dit?" vra Hannes.



"Ja, in die ou dae het ons klere jare lank gehou. "Vandag gooi mense klere weg wat dikwels nog nuut is," sug Oupa.



Nita sê: "Daar is so baie maniere om klere in iets nuuts te verander. 'n Mens kan ook eerder klere skenk as om dit weg te gooi."

"Kom ons gaan kyk sommer vandag watter klere ons kan skenk," sê Oupa. Nita en Hannes knik gretig.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Waarvan het mense hulle skoene in die ou tyd gemaak?
2. Hoekom moet jy liewer jou ou klere skenk en nie weggooi nie?
3. Hoekom moet ons klere en produkte koop wat in Suid-Afrika gemaak is?